

L.G. de Stadler en Amanda de Stadler (Medewerker). *Groot Tesourus van Afrikaans*, 1ste uitgawe, 1ste druk 1994, xxxiii + 863 pp. ISBN 1 86812 478 9. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers. Prys R89,99.

Abstract: De Stadler's *Groot Tesourus van Afrikaans* is reviewed. Critical questions are examined such as: What is a thesaurus? What is the function of a thesaurus? Who is the typical user of a thesaurus? What is it good for? How should it be compiled? What should be included in it? Does *Groot Tesourus van Afrikaans* satisfy these criteria?

Keywords: SYNONYMS, ANTONYMS, HYPONYMS, SUPERORDINATES, LEXICOGRAPHY, THESAURUS, CONCEPT CATEGORIES, NEED DETERMINATION, USER-FRIENDLY, SEMANTIC STRUCTURE, USER GUIDE, COMPUTER TECHNOLOGY, WORD PROCESSOR, CONCEPTUAL FRAMEWORK, RACIST, INDEX

Opsomming: De Stadler se *Groot Tesourus van Afrikaans* word in oënskou geneem. Kwessies wat aan die bod gestel word, is vrae soos: Wat is 'n tesourus? Wat is die funksie van 'n tesourus? Wie is die tipiese tesourusgebruiker? Waarvoor is dit geskik? Hoe moet dit saamgestel word? Wat moet daarin opgeneem word? Voldoen *Groot Tesourus van Afrikaans* aan hierdie kriteria?

Sleutelwoorde: SINONIEME, ANTONIEME, HIPONIEME, SUPERORDINATE, LEKSIKOGRAFIE, TESOURUS, KONSEPKATEGORIEË, BEHOEFTEBEPALING, GEBRUIKERSVRIENDELIK, SEMANTIESE STRUKTUUR, GEBRUIKSLEIDING, REKENAARTEGNOLOGIE, WOORDVERWERKER, KONSEPTUELE RAAMWERK, RASSISTIES, INDEKS

0. Inleiding

Na die verskyning van Eksteen (1981) se *Afrikaanse Sinoniemwoordeboek met antonieme* en Hartevelt e.a. (1992) se *Woordkeusegids* is L.G de Stadler (1994) se *Groot Tesourus van Afrikaans* (saamgestel met die medewerking van Amanda de Stadler) vir Afrikaans leksikografies gesien 'n mylpaal in die sin dat dit die eerste volwaardige tesourus van Afrikaans is. Waar eersgenoemde twee publikasies inderwaarheid sinoniemwoordeboeke is, moet *Groot Tesourus van Afrikaans* getoets word aan die meer beperkte definisie van die begrip *tesourus*.

1. Tesourus gedefinieer

De Stadler (1994: xxviii) definieer 'n tesourus as

"... 'n woordeboek waarin die leksikale items gerangskik word met inagneming van hulle verhouding tot bepaalde konsepte of konsepkategorieë, maar ook met inagneming van hulle onderlinge betekenisverhoudings."

Hy wys daarop (bl. xxviii) dat "(d)ie tesourus ... 'n besondere plek in die woordeboekfamilie (het)."

1.1 Ordening van leksikografiese materiaal in tesourusse

'n Tesourus is 'n "woorde-boek", maar volgens De Stadler (1994: xxvii) met die verskil dat woordeboeke die leksikografiese materiaal van 'n taal in die reël alfabeties orden sonder dat aangedui word hoe hierdie leksikale items op grond van hulle betekenis saamhang.

Hy onderskei veral vier soorte verhoudings binne hierdie struktuur, naamlik:

1.1.1 Sinonimie, die verhouding tussen twee woorde waarvan die betekenis min of meer dieselfde is, soos in die geval van *gierigheid*, *behaagsug* en *hebsug*.

1.1.2 Teenoorgesteldheid, die verhouding wat bestaan tussen twee woorde waarvan die betekenis in opposisie tot mekaar staan, soos in die geval van *liefde* en *haat*.

1.1.3 Hiponimie, die verhouding tussen 'n superordinate term (oorkoepelende term) en daardie terme wat as subordinate (of hiponieme) dien. Dit is die verhouding wat bestaan tussen 'n woord soos *dier* en sy subordinate of hiponieme *bees*, *skaap*, *koedoe*, *springbok*, *leeu*, *renoster*, *olifant*, ens.

1.1.4 Die deel-geheel-verhouding (meronimie), 'n verhouding wat bestaan tussen woorde soos *voertuig* en *stuurwiel*.

En dit is juis hierdie verhoudings wat nie tot hulle reg kom in gewone een- en tweetalige woordeboeke nie.

2. Soorte tesourusse

De Stadler (1994: xxviii) onderskei die volgende soorte tesourusse:

2.1 Kumulatiewe tesourusse

Hierdie tesourus is 'n voorbeeld van 'n kumulatiewe tesourus. Vir 'n kumulatiewe tesourus om tot sy reg te kom en omdat hierdie soort tesourus betekenis nie verklaar nie, moet dit idealiter saam met 'n goeie verklarende woordeboek gebruik word. Hierdie beskouing geniet algemene konsensus.

2.2 Verklarende tesourusse

'n Verklarende tesourus verskil van 'n kumulatiewe tesourus in dié opsig dat daar betekenisverklarings vir die woorde of uitdrukkings aangebied word. Die nadeel van die verklarende tesouri is dat hulle om praktiese redes slegs 'n gedeelte van die woordeskat kan behandel. Indien die woordeskat van die betrokke taal in sy geheel gedek moet word, sou so 'n tesourus in omvang onhanteerbaar en selfverdelend word.

2.3 Vertalende tesourusse

In plaas van 'n betekenisbeskrywing verskaf die vertalende tesourus 'n vertaal-ekwivalent vir 'n woord binne sy konsepkategorie. Ook hierdie soort tesourus kan uiteraard ook net 'n gedeelte van die woordeskat behandel.

('n Praktiese uitvloeisel van die vertalende tesourus is die twee- of meertalige gidse wat aan toeriste beskikbaar gestel word.)

3. Waarna soek 'n woordeboekgebruiker in 'n tesourus?

De Stadler (1994: xxviii) sê in dié verband:

"In 'n tesourus word die struktuur van die woordeskat en die besondere verhoudings wat bestaan tussen die leksikale items in daardie woordeskat (in teenstelling met die gewone een- en tweetalige woordeboeke — CvS) egter wel op die voorgrond geplaas en moet die woordeboekgebruiker dus verwag om inligting te kry oor die sinonieme, teenoorgesteldes, hiponieme of superordinate van 'n bepaalde woord."

4. Wie is hierdie woordeboekgebruiker?

Dié vraag dring hom as 't ware aan ons op. Die vir die tesourussamesteller ontstellende antwoord daarop is dat die gebruiksfrekwensie van tesourusse (in teenstelling met verklarende en vertalende woordeboeke en woordelyste) baie laag is.

Daar dien in dié verband gelet te word op Alberts (1990, 1992) se werk in verband met behoeftebepaling in die leksikografie, naamlik om vas te stel wat die diskrepansies is tussen die heersende en verlangde situasie (vgl. Alberts 1992: 20).

'n Beperkte rondvraag onder taalbedrywige akademici bevestig die persepsie dat tesourusse slegs by rare uitsondering en dan enkel deur taalkundige fynproewers en taalliefhebbers geraadpleeg word. Die behoefte aan en die

gebruik van 'n tesourus vooronderstel 'n gesofistikeerde moedertaalkennis van die semantiese struktuur van die betrokke taal. Die gebruiksfrekwensie onder die lekepubliek sal dus om dié rede in alle waarskynlikheid baie laag wees.

'n Rondvraag onder boekhandelaars het aan die lig gebring dat, benewens instansies soos biblioteke, tesourusse (in teenstelling met verklarende en vertalende woordeboeke) gekoop word deur 'n opvallend groot aantal persone wat nie taalgeleerdes of taalpraktisyns is nie, maar gewoonweg taal- en blokraaisel-liefhebbers is of persone wat hulle om 'n verskeidenheid redes ter wille van die verstrooiing met taalkwessies doenig hou.

'n Persoon se gesofistikeerde moedertaalkennis van die semantiese struktuur van 'n taal se talige intuïesies sal hom feilloos na die regte woordkeuse (sinoniem, antoniem, hponiem of superordinaat) lei. Dit is egter nie waar van 'n persoon met 'n beperkte of gebrekkige insig in die semantiese struktuur van die betrokke taal nie.

5. Diskrepansie tussen heersende en verlangde situasie

Wat uit hierdie persepsie voortvloei, is die vraag: Watter doel en nut het die ontsaglike hoeveelheid werk wat die saamstel van 'n tesourus soos *Groot Tesourus van Afrikaans* onderstel en hoe kan die diskrepansie tussen die heersende en die verlangde situasie verklein of uitgeskakel word?

Laird (1980: vii) sê in dié verband:

"If we are to have good reference books, however, we must ask fundamental questions like the following: What is a thesaurus? Who uses it? What is it good for? How should it be made?"

6. Onderrig in die gebruik van tesourusse

Waarop die voorafgaande afstuur, is die wenslikheid, nee, noodsaaklikheid dat die bestaan en waardevolle gebruike van die tesourus as besondere soort woordeboek dieselfde gebruiksfrekwensie verkry as verklarende en vertalende (tweetalige) woordeboeke. Verder moet die woordeboekgebruiker (kleintyd) geskool word in die woordeboekkultuur en in die gebruik van die tesourus. Dit sal die voordeel inhou dat 'n groter woordsensitiwiteit en woord- en taalbewustheid ontwikkel word by die taalpraktisyn (in vakverband) sowel as by die veel groter lekepubliek (in alledaagse taalgebruik). Hierdie argument kom daarop neer dat Alberts se genoemde diskrepansie tussen die heersende en verlangde situasie wat betref die algemene gebruik van een- en tweetalige en verklarende woordeboeke (in teenstelling met die seldsame gebruik van tesourusse) verklein of uitgewis word. Dit veronderstel die dwingende vereiste dat veel meer gedoen moet word om studente in die gebruik en waarde van tesourusse op skool en aan universiteite en teknikons te onderrig.

7. Jan en alleman en die tesourus

Mairé Weir Kay (1976: 9a) verduidelik dat die voortbestaan van Roget se *The Thesaurus of English Words and Phrases* toegeskryf kan word aan die feit

"... that in spite of its complexity and elaborate structural plan the sheer wealth of relevant material that it offers a *sophisticated* (kursivering van my — CvS) user is the explanation for its survival."

Daarteenoor stel Laird (1980: vii) dit dat 'n tesourus 'n praktiese boek is en niks te make het met die klassifikasie van woorde asof hulle botaniese spesimens is nie. Dit is veronderstel, sê hy, om aan die skrywer of spreker spesifieke hulp wat hy voel hy nodig het, te verleen. En, sê hy verder:

"(a) thesaurus should be developed to satisfy the needs of the user, not to elucidate the nature of synonymy ... the editor of such a work ... should ask himself, "When the speaker or writer rejects this word, what word or combination of words is he likely to want?"

Die onvermydelike implikasie hier is dat die tesourus (in teenstelling met Roget se tesourus wat, in die woorde van Kay, bedoel is vir "gesofistikeerde" gebruikers en dus buite die bereik van Jan en alleman is) eintlik bedoel moet word vir Jan en alleman. En dit sal alleen kan geskied indien die "gewone man op straat" toereikend onderrig is in die gebruik van die tesourus.

8. Wat hoort in die tesourus opgeneem te word?

Die vraag is dan: Hoe toeganklik en gebruiksvriendelik is *Groot Tesourus* vir Jan en alleman? Is dit ingestel op Jan en alleman of op die ingewyde, gesofistikeerde woordeboekgebruiker?

Laird (1980: vii) sê:

"A thesaurus needs to enter a locution only if it is the kind or word or phrase that people recall readily. Nobody is troubled because he can think of no synonym for fanforan or latitant. Most people have never heard of these words and if they can think of fanforan they will have no trouble in calling up boaster, braggart, bully ..."

In die *Groot Tesourus* se indeks verskyn inskrywings soos *lateriet*, *bisbigliando*, *kollenchiem en mandragora* (om maar enkeles te noem) wat, volgens Laird, nie in 'n tesourus tuis hoort nie en gevoeglik in 'n verklarende of tegniese woordeboek tuis hoort en daar nageslaan kan word.

Sulke gespesialiseerde en geleende woorde vorm in die reël nie deel van

die ongesofistikeerde taalgebruiker se woordeskat nie en het 'n te lae gebruiksfrekwensie om nuttig te wees en kan gewoonlik in 'n verklarende woordeboek nageslaan word. 'n Tesourus hoef dus, wat dit betref, nie volledigheid na te streef nie. En dit geld *Groot Tesourus* van Afrikaans in gelyke mate.

Roget se tesourus maak hom, op die oog af, nie hieraan skuldig nie.

9. Funksies van die tesourus

Wat betref die funksies van die tesourus sê Dutch (1968: vii) met verwysing na Roget's *Thesaurus* dat hierdie tesourus

"... is a vocabulary on a large scale, categorized by topics. With such an arrangement it offers a choice of words to fit any given context. This, indeed, is its main function, and is the reason why it is so often alluded to as an aid in *composition*." (kursivering van my — CvS)

De Stadler (1994: xxviii) sê aansluitend dat

"... die belangrikste funksie van 'n tesourus is om die regte woord vir die regte konteks te suggereer."

of, soos Van Schalkwyk (1992) dit stel:

"Dit maak die woord los wat nog maar net op die tong lê. Dit stel die leerling, die student, die sekretaris, die politikus, die leraar, die invuller van blokkiesraaisels, die skrywer en elke ander taalgebruiker in staat om die korrekte woord op die regte plek in te span."

En dit is inderdaad waarop Laird aandrang as hy sê:

"A thesaurus should be developed to satisfy the needs of the user ..."

10. Doelmatige gebruik van die tesourus

Dit lê voor die hand (Laird 1980: vii, De Stadler 1994: xxviii) dat die tesourus slegs ten volle tot sy reg kan kom indien dit (soos hierbo aangedui) saam met 'n goeie verklarende woordeboek gebruik word aangesien

- die tesourus betekenis gewoonlik nie uitdruklik verklaar nie en
- die gebruiker (veral die lekegebruiker) nie ten volle op die hoogte is van wat die tesourus hom bied en hoe om hierdie inligting te ontsluit nie.

11. Gebruiksleiding by die tesourus

As daarop aanspraak gemaak word dat die tesourus die tesourusgebruiker help om die regte woord vir die regte konteks te vind, soos Roget (en ander) dit stel, is dit belangrik vir die gebruik en verstaan van die tesourus dat die gebruiker, en dan veral die minder gesofistikeerde gebruiker, hom deeglik sal kan vergewis van die inleidende opmerkings en die gebruiksleiding deur die skrywer(s), m.a.w. die woordeboek- en tesourusgebruiker moet presies kan vasstel wat hy in die betrokke woordeboek of tesourus sal kan vind en hoe om dit te vind. Min woordeboekgebruikers (en dit geld in veel groter mate die tesourusgebruiker) getroos hulle die moeite om hulle op die hoogte te stel van die gebruiksaanwysings in woordeboeke of tesourusse. 'n Intieme kennis van die nut en gebruike van die tesourus sal moontlik bydra tot 'n verhoging in die gebruik daarvan — 'n taak wat aan die deur van die skool en teknikon of universiteit se onderrig in die leksikografie gelê kan word.

12. Tesourusse en die rekenaar

'n Gedagte wat hieruit voortvloei, is die rol wat die moderne rekenaartegnologie, insonderheid die woordverwerker, gespeel het in die bewusmaking van die bestaan en gebruik van woordeboeke en tesourusse. Die gebruik van die tesourus word as 't ware aan die gebruiker van die woordverwerker opgedring, en waar dit gewoonlik heelwat lyflike ongerief meebring indien daar tydrowend na woorde en woordbetekenisse in die gedrukte medium gesoek moet word, het die rekenaartegnologie dit vir die rekenaargeletterde moontlik gemaak om die benodigde inligting met eenvingerbedrewendheid te ontsluit. Wat daaruit voortvloei, is die opvallende feit dat — gesien die feit dat *homo grammaticus* al hoe meer rekenaargeletterd raak — die saamstel van tesourusse en woordeboeke op hierdie mark ingestel moet word en dat gebruikers van die woordverwerker bewus gemaak word van hierdie waardevolle hulpmiddel en geheuehulp. Dit het vanselfsprekende praktiese implikasies vir die leksikografie en die onderrig daarvan op skool en aan tersiêre inrigtings soos teknikons en universiteite.

Dat De Stadler ook die elektroniese mark met *Groot Tesourus* betree het, belooft veel vir die hierdie reusetree in die Afrikaanse leksikografie.

13. Die organisasie en gebruiksleiding van *Groot Tesourus van Afrikaans*

Groot Tesourus van Afrikaans kan in die lig van die opmerkings wat hoër op gemaak is, beoordeel word. Aangaande die onkunde rakende die bestaan en gebruik van tesourusse, is dit noodsaaklik dat die organisasie en gebruiksleiding van die tesourus vir ook die leek (deursigtig) duidelik moet wees.

In sy inleidende verduideliking van die aard en gebruik van 'n tesourus op bl. xxvii sê De Stadler:

"(Gebruiksleiding word aangebied in paragraaf 4 op bl. ix.)"

Geen sodanige inligting verskyn op bl. ix nie, maar wel op bl. xxx. Hierdie soort onnoukeurigheid is (ook en veral vir die leek) nie net verwarrend en irriterend nie, maar loop tydrowend uit op 'n gesoek na die inligting waarna verwys word — 'n faktor wat die potensiele tesourusgebruiker 'n renons in tesourusse kan laat kry.

Wat betref die soorte verhoudings wat binne die struktuur van die leksikon onderskei kan word (bl. xxvii) en die organisasie en gebruiksleiding van 'n kumulatiewe tesourus soos hierdie (bl. xxx), voldoen *Groot Tesourus van Afrikaans* vormlik aan hierdie vereiste, naamlik dat dit gewoonlik drie opvallende dele bevat:

13.1 'n Uiteensetting (klassifikasieplan? — CvS) van die konseptuele raamwerk waarin die gebruiker 'n opsomming kry van die verskillende konsepkategorieë wat in die tesourus behandel word. Hierdie uiteensetting dien dan ook as 'n inhoudsopgawe van hierdie tesourus. Boaan elke bladsy word, naas die bladsynommer, ook 'n verwysing gegee na die kategorie of kategorieë wat op daardie bladsy voorkom sodat die gebruiker maklik 'n kategorie kan naslaan. Dan word daar ook 'n verkorte uiteensetting (inhoud? — CvS) van die konseptuele raamwerk aangebied om 'n oorsig oor die sisteem te gee — aldus De Stadler.

13.2 Die tweede deel van die woordeboek, wat De Stadler die "hart van die woordeboek" beskou, is die tesourusgedeelte self, waar die woordeskat onder bepaalde konsephoofde of die tesourusartikels georden word.

Die woorde of uitdrukkings in 'n tesourusartikel word (soos gebruiklik) woordsoortlik ingedeel. As die konsep waarom dit gaan as 'n selfstandige (naamwoordelike) konsep aangevoel word, word die selfstandige naamwoorde eerste aangebied, gevolg deur byvoeglike naamwoorde, werkwoorde, ens. Die selfstandige naamwoorde, werkwoorde, byvoeglike naamwoorde en bywoorde kan beskou word as die hoofkategorieë in die woordeskat.

13.2.1 Rangskikking van inskrywings

'n Kwessie wat hom tog aan die gebruiker van *Groot Tesourus* opdring en wat ook uitdruklik in die inleiding gestel kon word, is die basis waarop of die ordeningsprinsipe waarvolgens die "sinonieme" onder die woordsoortlike indeling soos hierbo uiteengesit, gerangskik is. Aangesien die "sinonieme" in *Groot Tesourus* nie alfabeties georden is nie, moes dit volgens 'n ander prinsipe of

heeltemal lukraak geskied het.

Laird (1980: viii) sê in dié verband in sy voorwoord tot *Collins New World Thesaurus*:

"... usually the commonest of a set of synonyms carries the main entry; uses of a word are arranged roughly by frequency of use, from common to uncommon, and the same sequence is maintained within the synonymies ..."

Laird verduidelik nie die grondslag waarop die gebruiksfrekwensie van sinonieme in *Collins* bepaal is nie.

Om konsensus oor so 'n kwessie, naamlik "the commonest of a set of synonyms" te verkry, is iets wat gedink maar nie gedoen kan word nie en sou 'n onderneming van bomenslike dimensies wees wat ver buite die bestek van die leksikograaf of die samesteller van 'n tesourus se opdrag lê. Dit kan De Stadler of enige tesourussamesteller gevolglik nie ten laste gelê word nie, maar dit kan nut hê om die kritiese tesourusgebruiker oor vrae van dié aard gerus te stel.

De Stadler (xxxi) wys daarop dat daar ook binne elke woordsoortartikel 'n besondere organisasie is. So 'n paragraaf kan 'n aantal kleiner paragrawe bevat wat betrekking het op die feit dat 'n bepaalde konsep semantiese onderverdelings het. Onder *Begeerte* kan onderskei word *begeerte*, *die vervulling van die begeerte*, *veroorsaking van die begeerte*, *die persoon wat begeer*. Hierdie subparagrawe word duidelik gemerk deur die eerste woorde *vet kursief* te druk.

Hierdie soort begeleiding kan alleen bydra tot 'n beter insig in die organisasie en die groter "bruikbaarheid" van die inligting in die tesourus.

13.2.2 Gebruiksaanduidings

In die tesourusartikel word daar dikwels inligting tussen hakies aangebied in die vorm van gebruiksaanduidings. Woorde soos *gatvol* s.v. paragraaf 775. *Weersin* word aangedui as (*plat*). Ander etikette wat gebruik word, is (*veroud.*), (*geselst.*), (*ong.*), (*kwetsend*) vir verouderd, geselstaal, ongewoon en kwetsend.

Hierdie inligting is, in die lig van sosiaal-politieke eise wat aan tydgenootlike leksikograwe deur politieke, godsdienstige en ander drukgroepe gestel word, 'n noodsaaklike vereiste omdat dit, met inagneming van die sensitiviteit van die betrokke groepe, gebruikers waarsku teen, o.a., die kwetsende aard van sulke leksikale items of uitdrukkings.

13.3 Indeks

Die derde gedeelte van die tesourus is die indeks waarin 'n beduidende persentasie van die materiaal wat in die tesourusgedeelte voorkom, alfabeties gerang-

skik word met verwysing na die konsepkategorie waar die betrokke woord of uitdrukking aangetref kan word. Hierdie indeks is 'n belangrike hulpmiddel wanneer die gebruiker 'n bepaalde woord vinnig wil naslaan ten einde 'n sinoniem of ander aanverwante woord op te spoor.

13.3.1 Leemtes in die indeks

Sommige afleidings verskyn nie in die indeks nie. Hoewel dié feit genoem word, verduidelik De Stadler nie die rasionaal agter die besluit om bepaalde afleidings en samestellings in te sluit nie terwyl ander weggelaat word. Hoewel daar begrip is vir die feit dat die tesourus uiteraard onhanteerbaar groot sou geword het indien dit na volledigheid gestreef het, wil dit tog lyk of die besluit om bepaalde samestellings in die indeks in te sluit terwyl ander as inskrywings onder die kernwoord verskyn, enigsins willekeurig geneem is. *Saalknop* kom nie as aparte inskrywing voor nie, maar wel na daardie woorde wat verwys na die onderdeel van 'n saal, maar *wieldop* word wel in die indeks aangegee, maar verskyn nie onder *wiel* as onderdeel van 'n wiel nie. Om *saalknop* dus op te spoor gaan vir die oningeligte 'n tydrawende oefening wees.

Dit wil voorkom of die besluit watter samestellings in die indeks opgeneem moet word en watter nie, enigermate arbitrêr is — 'n oorweging wat vir iemand wat daarvan bewus word, enigsins hinderlik aandoen.

Dieselfde geld woorde wat as *rassisties* geëtiketteer sou kon word. In die indeks kom 'n woord soos *hottentot* voor wat in die artikel, tereg, as *kwetsend* geëtiketteer word. Verwante woorde soos *bantoe*, *boesman*, *kaffer*, *lokasie*, *meid*, *swartman*, *witman* kom egter nie in die indeks voor nie, terwyl 'n item soos *boer* wel in die indeks opgeneem is.

Die vraag wat hom hier aan die gebruiker van *Groot Tesourus* opdring, is of die samestellers hulle as gevolg van oorgevoeligheid / oorversigtigheid nie skuldig gemaak het aan die skets van 'n skewe beeld van die werklikheid nie. Die items kon, soos *hottentot*, as (*kwetsend*) of (*verouderd*) geëtiketteer word.

Hoe dit ook al sy, 'n verduideliking van die rede waarom sulke woorde weggelaat is uit die indeks sou tot groter deursigtigheid bygedra het.

13.4 Beknopte gebruikersgids

Die beknopte gebruikersgids op die voor- en agterbinneblad is nuttig en behoort die lekegebruiker van *Groot Tesourus* oor sy ergste probleme met die interpretasie van die gebruikersgids heen te help.

14. Algemeen

Groot Tesourus bevat (volgens die *Inleiding*) nagenoeg 120 000 inskrywings, maar op die agterblad word die getal aangegee as 150 000 wat in 855 konsep-

tuele kategorieë georden is. Dit dui op nalatige redigering.

Dit is (vir my — CvS) nie sonder meer duidelik waarom die verskil tussen De Stadler se 855 konseptuele kategorieë in teenstelling met Brouwers en Roget se 1000 konseptuele kategorieë noodwendig 'n plusfaktor is nie. Daar sou gere-deneer kon word dat hoe meer domeine afgebaken en hoe meer toegangs-poorte daar vir die gebruiker beskikbaar is, hoe bruikbaar die tesourus behoort te wees.

15. Slotopmerking

Hierdie eerste uitgawe van *Groot Tesourus van Afrikaans* is, soos inleidend beskryf, 'n mylpaal op die gebied van die Afrikaanse leksikografie. Die feit dat De Stadler dit ook vir die elektroniese medium toeganklik gemaak het, kan net bydra tot die groter gebruik en wyer bekendstelling van hierdie waardevolle werk.

Verwysings

- Alberts, Mariëtta. 1990. *'n Bepaling van Afrikaanse vakleksikografiese behoeftes*. D.Litt. et Phil.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Alberts, Mariëtta. 1992. Behoeftebepaling in die leksikografie. *Lexikos* 2: 1-27.
- Dutch, Robert A. 1968. *Roget's Thesaurus of English Words and Phrases*. Reprint. Harmondsworth: Penguin Books.
- Kay, Mairé Weir (Ed.). 1976. *Webster's Collegiate Thesaurus*. Springfield: G. & C. Merriam Company.
- Laird, Charlton. 1980. *Collins New World Thesaurus*. Reprint. London and Glasgow: Collins.
- Van Schalkwyk, D.J. 1992. Voorwoord. Hartevelt, P. (Red.), L.G. de Stadler en D.C. Hauptfleisch (Medewerkers). 1992. *Woordkeusegids. 'n Kerntesourus van Afrikaans*. Eerste uitgawe. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.

C. van Schalkwyk
Emeritusprofessor
Departement Linguistiek (Vertaalkunde)
Universiteit van Suid-Afrika
Pretoria
Suid-Afrika